

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 167

(Junie 1982)

Vader en vader; Kind en kind

* * * * *

"Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word; laat U koninkryk kom: laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen"

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Kind van God!

Wat 'n voorreg om te kan sê: My kind! watter genadige sekuriteit om te kan sê: Pappie, Mammie! Ouer. Kind.

Die voorreg om te kan luister na 'n vrolike kinderlaggie laat jou as ouer bruis. Voetgetrippel is soos musiek in 'n liefdevolle oor. Die Here is goed om vir ons kinders te gee. Tog is daar baie gesinne wat die voorreg nie het nie. Egpare wat bid en smeek.

Kinders moet aangeneem word. Hulle liefde is so groot dat hulle 'n ander se kind soos hulle eie wil grootmaak. Ouerskap moet hulle geskenk word. Niks word ontsien om 'n ou kindjie te kan hê nie. Vorms en nogmaals vorms. Waglyste. Wag . . . wag. Wat 'n oneindige liefde!

"Soos 'n vader hom oor sy kinders ontferm, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees" (Ps. 103:13).

Kinders wat in spanning, liefdeloosheid en haat grootgemaak word, is daar baie.

So ook elke mensekind. Ons was deur die sonde kinders van die toorn. Kinders wat haat en twis. Kain het teen sy broer Abel opgestaan en hom doodgeslaan — wat 'n geweldige voorbeeld. Gods koninkryk het in Adam en Eva aan mense leeggeloop. Al wat God die Vader gehad het, was sy Eniggeborene. Daar was nie vorms om kinders aan te neem nie. Dit sou nie werk nie. Bloed was nodig as betaalmiddel. Lewensbloed.

God moes dit gee as eis op die sonde. Daarvoor gee God sy Seun — sy Enigste.

God het Homself nie gespaar om die mensekind te red wat verlore was nie. Die smart van 'n ouerhart om 'n enigste kind aan die dood af te gee, was ook God se smart. Maar veel meer is ook waar.

Waar die Here Jesus aan die kruis hang, kyk Hy en Hy sien . . . die rug van sy wegstappende Vader. Hy sien geen oog vol ontferming op Hom nie. Hy sien Satan met afgemete pas op Hom afgestap kom. Met 'n groot stem roep Hy: "My God! My God! Waarom het U My verlaat?" God die Vader gee sy Eniggeborene aan die helse smarte oor om die verlore gaande mensheid te verlos van die hel, om ons te verlos van die haat en twis in die huishouding van Satan.

Losgekooptes. Vrygemaaktes.

Vir elkeen wat glo.

Sou ons nie die hemelse luister geniet bo die gedurige angs van die hel nie?

'n Vader vol liefde het ons aangeneem deur Sy eie Seun se lewensbloed.

Aangenome kinders!

Wat 'n geweldige liefde het God nie vir ons nie!

In plaas van angs is daar op ons gelaat vrede met 'n blydschap in die Here.

Deur die Here Jesus kan ons bid: Onse Vader.

Wie *vader* sê, is mos 'n kind.

Wat 'n voorreg om 'n aangenome kind te wees!

Kind van God te wees!

Ds. Andries H. Mulder

*God die Vader gee sy
Eniggeborene aan die
hel oor om ons te verlos
van die haat en twis in
die huishouding van
Satan.*

GEBEDSVERHORING

Is jy 'n **ontnugterde bidder**? Twyfel jy aan gebedsverhoring?

Jy het miskien gebid dat 'n geliefde wat ernstig siek is, tog gesond moet word. Maar later moes jy magteloos toekyk hoe jou geliefde sterf. En nou dink jy: God hoor nie 'n mens se gebede nie. Om te bid is heeltemal sinneloos. Dit is die **wanhoopsdaad** van 'n mens wat nie meer normaal dink nie.

In die Bybel is één ding in verband met die gebed egter baie duidelik: *God is 'n hoorder van gebede!*

In Psalm 17: 6 sê Dawid: "Ek roep U aan, want U verhoor my, o God!"

Hierdie sekerheid dat God 'n gebed verhoor, hoor ons ook in die Nuwe Testament. Maar nou word daar nie van verhoring in die algemeen gepraat nie. Só is daar in die Nuwe Testament allereers 'n verhouding tussen gebedsverhoring en die Naam van Jesus Christus. Verhoring van 'n gebed word uitdruklik toegesê aan dié gebed wat opgestuur word in die Naam van Jesus.

So lees ons byvoorbeeld in Johannes 14:13-14: "Wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, *sal Ek dit doen.*"

Maar wat beteken dit nou om "in die Naam van Jesus" te bid?

Om dit te verstaan, moet ons kyk na die betekenis van die woord *naam* in die Bybel. Die naam wat iemand dra, is in die Bybel *meer as maar net 'n willekeurige aanduiding* van 'n sekere persoon. In iemand se naam kom uit *wat en wie hy is*.

Daarom is dit ook net God wat werklik 'n naam aan 'n mens kan gee. Hy alleen kan 'n mens deurgrond en die regte naam aan hom of haar gee. Ons lees dan ook verskeie kere dat God aan mense hulle name gee of hulle name verander. Die bekendste voorbeeld is sekerlik Jakob wat Israel word (Gen. 32: 48).

Dat 'n naam sê wie en wat iemand is, geld in besonder van die Naam van God. Toe God by die brandende doringbos aan Moses verskyn het en sy Naam aan hom bekend gemaak het, gee Hy *'n openbaring van Homself*. Hy "verklaar" Homself aan Moses. Hy laat in sy Naam sien wie Hy werklik is.

Daarom is die Naam van God in 'n sekere sin God self; dit is God soos Hy Homself openbaar — bekend maak!

Só dui die uitdrukking "die Naam van Jesus" ook op die openbaring van Jesus. Daar is nie skeiding te maak tussen die Naam Jesus en die Persoon Jesus nie. Jesus se Naam is Jesus self soos wat Hy Homself bekend maak.

Gebed in die Naam van Jesus is gebed wat bepaal word deur wat Jesus is en doen.

Dit word nog duideliker wanneer ons kyk na die woorde van Jesus in Johannes 16:24 waar Hy vir sy dissipels sê: "Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie."

In die oorspronklike taal word hier 'n baie sterk ontkenning gebruik. Die dissipels het *volstrek glad en geheel niks* in Jesus se Naam gebid nie.

Maar dan voeg Jesus by dat hulle wel later in sy Naam sal bid: "In *daardie dag* sal julle in my Naam bid" (Joh. 16: 26). In die geheel van Johannes 16 kan met "in daardie dag" niks anders as Pinksterdag bedoel word nie. Telkens gaan dit in hierdie hoofstuk oor die Gees en sy koms as Trooster in die wêreld.

Eers as die Gees gekom het, sal in Jesus se Naam gebid kan word omdat *Jesus se Naam dan ten volle geken sal word*. Toe Jesus hierdie dinge vir sy dissipels gesê het, was sy Naam nog nie ten volle geopenbaar nie; die geheim van sy Persoon was nog nie ten volle ontsluit nie.

Hy moes nog sterf aan die kruis. . . Hy moes nog opstaan uit die dood. . . Hy moes nog opvaar na die hemel. . .

Wat Jesus se Naam beteken, moes nog uitgespel word op Golgota, in die tuin van Josef van Arimathea, op die berg van die hemelvaart.

Eers daarna — "in daardie dag" — sal Hy ten volle geken kan word, sal gesien kan word wie Hy werklik is. En wanneer Hy só geopenbaar is, aan die wêreld bekend gemaak is as die Verlosser . . . eers dan kan *in* sy Naam gebid word.

Gebed in die Naam van Jesus is dus 'n gebed waarin Jesus se selfopenbaring deurklink. Dit is 'n gebed wat bepaal word deur wat Jesus is en wat Hy doen. In só 'n gebed word Jesus se eie stem gehoor. Dit is wel mense wat bid, maar in die menslike woorde weerklink wat Jesus is en wil.

Daarom dat aan die woorde: "In daardie dag sal julle in my Naam bid. . ." toegevoeg word: ". . . en Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader aangaande julle sal vra nie" (Joh. 16:26).

Bid ek in die Naam van Jesus, of bid ek om dinge wat op sigself goed is, maar waarvan ek nie seker kan wees dat dit saamval met wat Jesus wil nie?

Waar in Jesus se Naam gebid word, kan Jesus terugtree, omdat die Vader Jesus se stem reeds hoor. Jesus het dan nie nodig om nog "apart" ook te gaan vra nie.

Hierdie betekenis van die uitdrukking "in die naam van" ken ons ook in die alledaagse lewe. Ons praat byvoorbeeld van "in die naam van die gereg". Wanneer 'n polisieman iemand in die naam van die gereg arresteer, bedoel ons daarmee dat dit eintlik die gereg self is wat die persoon arresteer. Die polisieman wat in die naam van die gereg optree, skuil heeltemal agter die gereg.

Net so gaan by die gebed in die Naam van Jesus die bidder heeltemal *agter Jesus skuil*. Dit is Jesus self wat in só 'n gebed aan die woord kom. En daarom is die versekering van verhoring ook aan hierdie gebed verbind. Want die Vader luister na die stem van Jesus. Jesus self sê uitdruklik: "Alles wat julle die Vader sal vra in my Naam. sal Hy julle gee" (Joh. 16:23).

Sekerheid van gebedsverhoring geld dus nie sommer in die algemeen nie. Dit geld net van die gebed in die Naam van Jesus. En dan word dié gebed ook nie altyd verhoor soos ons gedink het dit sal wees nie.

Hierdie gebed in die Naam van Jesus leer die Heilige Gees ons. Hy kom ons swakhede te hulp, omdat ons nie reg weet wat ons moet bid nie (Rom. 8:26). En Hy doen dit deur ons te bind aan Jesus se selfopenbaring soos dit in die Woord van God tot ons kom. Hy herinner ons aan alles wat Jesus gesê het (Joh. 14:26).

In dieselfde verband sê Jesus: "As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry" (Joh. 15:7).

Gebed in die Naam van Jesus is dus niks anders as 'n gebed wat bepaal word deur sy woorde wat in ons bly en ons wat in Hom bly. Deur 'n lewe by dié woorde leer ons die gebed in sy Naam — die gebed waarvan ons *seker kan wees* dat God dit verhoor!

Vra jousef dan voortdurend hierdie vraag af: Bid ek in die Naam van Jesus, of bid ek om

dinge wat op sigself goed is, maar waarvan ek nie seker kan wees dat dit saamval met wat Jesus wil nie, sodat ek dit nie in sy Naam kán bid nie?

Van die gebed in Jesus se Naam kan ons seker wees dat God ons gee wat ons vra. Die verhoring van die ander gebed moet ons met vertroue in die hand van God laat.

Ds. Frans van Dyk

*Van die gebed in Jesus se
Naam kan ons seker wees dat
God ons gee wat ons vra.*

God is ons Vader!

In die Bybel leer ons God by verskillende name ken: Die Ewige, die Almagtige, die Alwetende, die Alomteenwoordige.

Maar wanneer Jesus aan ons die volmaakte gebed leer, lê Hy ons die heerlikste van al die name in die mond:

"**Ons Vader** wat in die hemele is . . ."

"Ons Vader" — só sê Jesus moet ons God aanspreek.

Waarom?

- Ons het Hom nie tot ons Vader geneem nie.
- Ons het Hom nie verkies om ons Vader te wees nie.
- Ons verdien nie om Hom as "Vader" aan te spreek nie, want steeds dwaal ons van Hom weg, steeds verhard ons in ons sonde, steeds verontagsaam ons Sy opdragte.

Die feit dat ons God as "ons Vader" mag aanspreek, is louter genade; dit is 'n geskenk van die Seun van God. Christus het deur sy soenverdienste dit moontlik gemaak.

God is ons Vader en ons is Sy kinders op geen ander wyse as deur Jesus Christus, ons Here, nie.

Hy is deur sy Vader verlaat. Hy het Vaderloos geword, sodat ons weer kinders kon word.

Wanneer u deel het aan die verlossing deur die bloed van Christus, het u die reg ontvang om te bid:

"*Ons Vader* wat in die hemele is . . ."

Dit is 'n eksklusiewe voorreg vir dié wat waarlik glo.

Nou kan u met gebed in die Vaderlike ontferming rus vind.

- Nou kan u weet: God het aan u die lewe gegee.
- Nou kan u seker wees van sy onmeetlike vaderliefde.
- Nou kan u getroos wees deur sy vaderlike sorg.
- Nou kan u geduldig wees onder sy vaderlike kastyding.
- Nou kan u dankbaar wees oor sy onpeilbare vergewing!

En so wek die Vadernaam by ons kinderlike vrees en vertroue.

- Vrees wat geen angs is nie, maar ontsag en eerbied.
- Vertroue wat geen familiariteit is nie, maar vrymoedigheid en intieme gemeenskap.

Uit hierdie vrees en vertroue gesamentlik kom die ootmoedige gebed na vore.

As ons bid "Ons Vader wat in die hemele is", dan bely ons God se verheuenheid, maar ook sy nabyheid.

Jesus Christus leer aan ons die volmaakte verhouding tussen ons en God. Die eniggebore Seun van die hemelse Vader leer die gelowiges dat hulle waarlik *kinders* is en dat God waarlik *Vader* is — dat sy genade en liefde en trou oneindig groot oor hulle is.

Die Vadernaam wat Christus ons leer, is 'n Naam wat oorloop van volheid, want die hemelse Vader is alles, letterlik *alles* vir Sy kind.

"As julle dan weet om goeie gawes vir julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!" (Mat. 7:11).

*God is ons Vader
en ons is sy
kinders op geen
ander wyse as
deur Jesus
Christus ons
Here, nie.*

Ds. Pieter van der Walt

Aardse of Hemelse Vader

'N KIND HET ALTYD 'N VADER.

Die kind van God is in dié bevoorregte posisie dat hy *twee* vaders het: 'n Aardse vader en 'n Hemelse Vader.

Baiekeer (dikwels as gevolg van hartseer omstandighede) gebeur dit dat iemand nie eers weet wie sy aardse vader is nie. Hy weet: Ek is kind. Maar wie en waar is my pa?

Hierdie vraag (Goddank!) hoef die kind van God nooit te vra nie! Hy weet verseker: Ek het 'n Vader in die hemel!

- Ek *is* sy kind — nie omdat ek só goed is of dit in die minste waardig is nie — maar omdat Hy my sy kind gemaak het deur die versoeningswerk van Christus.
- Ek ken Hom, omdat Hy my eerste geken het.
- Ek het Hom lief, omdat Hy my eerste liefgehad het.

'N VADER SORG VIR SY KIND.

Enige aardse vader wat waarlik 'n *váder* wil wees, sorg vir sy kinders. En as hy dit eerlik opreg bedoel, sal hy so omvattend en nougeset as moontlik toesien dat sy kind net die beste kry.

Hierdie gebeurtenis uit die gewone lewe gebruik Christus in sy bergrede (Mat. 7:9-11) om die allesomvattende versorging van ons Hemelse Vader te illustreer.

- 'n Aardse vader is *sleg* (Mat. 7:9-11)
Ons hemelse Vader is *goed* (Ps. 26:6: Ps. 36:11).
- 'n Aardse vader is *sterflik* en sy versorging en liefde duur hoogstens *vir 'n tyd lank*.
Ons hemelse Vader is die lewende God Self en Hy sorg vir jou tot in ewigheid — selfs tot anderkant die dood en die graf.
- 'n Aardse vader is 'n *mens*.
Ons hemelse Vader is *God*, die Almagtige, die Skepper van die eindes van die aarde.

En tog: Al is jou sondige, vleeslike vader hoe sleg, weet hy nogtans om *goeie dinge* vir sy kinders te gee.

Hoeveel te meer is ons hemelse Vader, die alwyse God, nie in die vermoë om sy kinders net die beste te laat toekom nie?

'N KIND VERSTAAN NIE ALTYD SY VADER NIE.

Verstaan 'n kind altyd sy vader? Nee!

- Net so verstaan ons ook nie altyd waarom die Here toelaat dat sekere dinge met ons gebeur nie — veral as dit vir ons swaar en pynlik en 'n las is.

Maar watter kind begryp ten volle wat gebeur as sy pa hom 'n pak slae gee? En is dit vir die pa lekker?

Van een ding kan ons egter seker wees: Wanneer jou hemelse Vader iets vir jou gee of iets met jou laat gebeur, dan is juis dit presies op daardie tydstip vir jou die beste — al begryp jy daar niks van nie!

- Wie van ons sal ten volle die sin kan deurvors van 'n langdurige siekbed of 'n ongeneeslike siekte of die skielike dood van 'n broodwinner of 'n moordende droogte?

Maar: "Ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk." (Rom. 8: 28)

- Ons hemelse Vader weet wat is vir ons *ewige welsyn* die beste. Dit is iets wat 'n aardse vader nie weet nie — hoe goed hy dit ookal bedoel.
- En bowendien: Veel minder as wat jou aardse vader iets wat jy van Hom vra wat vir jou goed is, jou sal weier, véél minder sal jou hemelse Vader jou dit weerhou.

Ds. André Grove

Intimiteit . . . Tog Afstand

Bid . . . gebed . . . dit het al tweede natuur geword by baie. Dit kom so maklik — vanself. Min van ons neem tog op tye 'n fisiese besluit: Wag eers, nou eers bid.

Nee, bid kom spontaan — óf dit behoort spontaan te kom. Dis soos 'n kind wat sy vader iets wil vra. Sy begeerte kom in sy koppie. Aan sy adres twyfel hy nooit. Hy staan op, en vra sy vader — spontaan. In volle verwagting gaan hy: Vader. . .

LEER BID.

Maar nou leer ons tog ons kinders maniere of etiket. Ons leer hulle: Asseblief en dankie.

Daarom moet ons ook *leer* om te bid . . . om **reg** te bid; om as kind van die hemelse Vader Hom reg en manierlik aan te roep.

Leer? sou jy dalk wil vra. Natuurlik . . . selfs die dissipels van Jesus Christus vra Hom in Lukas 11 dringend:

"Here, *leer* ons bid."

Die dissipels, die uitverkore twaalf, die fundamente van die nuwe Jerusalem, hulle pleit by Christus: "Here, leer ons bid." Ons weet nie so mooi en reg nie. Here, leer ons bid" . . . leer ons **reg** bid.

Die Heidelbergse Kategismus noem dit: Kinderlike vrees en vertroue. Intiem met vertroue en verwagting soos 'n kind . . . en tóg bly Hy God.

INTIEM . . DOG AFSTAND.

God is my Vader . . . ek sy kind. Maar — en dis 'n gróóat maar — Hy is my hemelse Vader.

As my Vader bestaan daar 'n *intieme band* tussen my en God — 'n vader-kind-verhouding.

MAAR as hemelse Vader is en bly daar 'n *afstand*; bly daar 'n grens tussen my en God.

Gaan lees maar die roeping van Moses in Exodus 3. Daar kom hierdie afstand en tog intimiteit sterk na vore. In die roeping van Moses beveel God hom drie dinge toe hy nuuskierig die brandende doringbos benader:

Nommer 1: "Moenie nader kom nie", sê God. Ja, bewaar die afstand. Moses mag nader kom . . . maar nié TE naby nie; so naby om God te kan hoor . . . maar nie TE naby om hom te verstom nie; so naby om te weet . . . maar nie TE naby uit nuuskierigheid nie.

Nommer 2 beveel God: "Trek jou skoene van jou voete af. " Uit eerbied en vrees moet hy sy skoene uittrek. Kom luister na God . . . maar met respek en eerbied.

Derdens: "Die plek waar jy op staan, is heilige grond", sê God. Ook teken van die heiligheid van God wat vrees en tog vertroue wek. Die grond was tog nie letterlik heilig nie . . . maar in God se teenwoordigheid word dit heilig.

DAAROM.

As jy nou bid, wéét dus:

Jy mág en móét bid tot jou liefdevolle Vader . . . maar doen dit uit eerbied, respek en vrees.

En, weet jy, vrees vir God beteken nié dat ons vir God *bang* hoef te wees nie. Inteendeel. vrees en vertroue in die gebed bring die innerlike gesteldheid en gesindheid van die hart na vore.

Ek bid met 'n Kains-brutaliteit; 'n Fariseïstiese egoïsme; roekeloos; oneerbiedig; vrypostig;
OF . . . ek bid met eerbied; onderdanig; in vrees en vertroue.

Uit jouself kan jy laasgenoemde nie doen nie. Jesus Christus gee daardie vrees en vertroue
aan jou omdat jy kind is deur Hom alleen.

Bid daarom as **kind** tot jou **Vader**.

Hy is in die **Hemel** . . . jy op die **aarde!**

Hy in sondeloosheid en vreugde . . . jy in sondesmart en sielerou. Verkeer intiem in die
gebed met God. Maar onthou: Hy is die Ewige, Almagtige en Heilige Hemelse Vader.

Ds. Nico Ligthelm